basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1 **’n Spesiale geskenk**



[Uit hhtp://*www.google.com*]

Jy het al baie geskenke ontvang, maar daar was één geskenk wat baie spesiaal vir jou was. Jy dink terug aan die geleentheid toe jy dié geskenk ontvang het.

Skryf ’n **opstel** waarin jy **vertel** wat dié spesiale geskenk was, tydens watter geleentheid jy dit gekry het en wie dit vir jou gegee het. Sê ook waarom dit spesiaal was. **[50]**

1.2 Die beste skool in die land

Die koerant, *Ons Nuus*, het ’n kompetisie waarin hulle die beste hoërskool in die land wil identifiseer. Enige skool kan aan die kompetisie deelneem.

Skryf ’n **opstel** waarin jy julle skool as die beste in die land **beskryf**. **[50]**

Kopiereg voorbehou

1.3




Baie keer sien ŉ mens iets en wens dit het aan jou behoort, of jy sien iemand en wens dit was jy.

Skryf ŉ **opstel** waarin jy **wonder** oor wat alles moontlik sal wees as jou wense waar word. **[50]**

1.4

**Alles in die lewe kan met geld gekoop word.**



[Uit hhtp://*www.google.com*]

Is dit regtig waar dat alles in die lewe met geld gekoop kan word? Skryf ŉ **opstel** waarin jy hieroor **redeneer**. **[50]**

1.5

# SOMER:

## DIE BESTE SEISOEN OF NIE?

Is somer ŉ seisoen van helder sonskyn, heerlike vrugte en besige strande of is dit ŉ seisoen van hitte, sonbrand en droogte?

Skryf ŉ **opstel** waarin jy **argumenteer** dat somer die beste seisoen is/of nie is nie. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf ŉ opstel daaroor. Gee jou skryfstuk ŉ titel. Jou opstel moet direk by die prent aanpas.

1.6.1



[Uit *http://www.google.com*] **[50]**

1.6.2



[Uit *http://www.google.com*] **[50]**

1.6.3



[Uit *Kuier*, 25 Mei 2011] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het by jou skoolhoof gehoor dat jy 'n studiebeurs gekry het om volgende jaar aan 'n universiteit van jou keuse te gaan studeer.

Skryf 'n **brief** aan jou maat om die goeie nuus te vertel. Vertel hoe opgewonde jy oor die beurs is, waar en wat jy gaan studeer en waarmee die beurs jou alles gaan help. **[30]**

2.2 **INFORMELE VERSLAG**

Twee seuns van julle skool het by 'n groot sportbyeenkoms met mekaar baklei. Een van die seuns het in die hospitaal beland. Jy het die bakleiery gesien en dit probeer keer.

Skryf 'n **verslag** aan die skoolhoof waarin jy verduidelik wat jy gesien het en wat alles gebeur het. **[30]**

2.3 **HULDEBLYK**

Julle skoolhoof was baie siek en is dood. Jy is 'n goeie spreker en die leerders het jou gevra om namens hulle 'n huldeblyk by die skoolhoof se begrafnis te lewer.

Skryf jou **huldeblyk** waarin jy sy familie vertroos. Sê wat die skoolhoof vir die skool beteken het en waarom die leerders hom/haar sal mis. **[30]**

2.4 **NOTULE**

Hieronder verskyn ŉ kennisgewing en agenda van ŉ vergadering van die skool se leerlingraad. Jy is die sekretaris/sekretaresse van die leerlingraad.

***HOËRSKOOL SONSKYN LEERLINGRAAD***

**KENNISGEWING VAN VERGADERING**

Neem asseblief kennis van ŉ vergadering van die leerlingraad wat op 20 Oktober 2011 om 14:00 in kamer 23 gehou gaan word:

Agenda

1. Opening en verwelkoming
2. Presensielys
3. Nuwe sake:
   3.1 Die nuwe skoolreël wat selfone by die skool verbied.
   3.2 Die leerlingraad se plan om geld in te samel vir ŉ sporttoer.
4. Algemeen
5. Datum van die volgende vergadering
6. Afsluiting

| | |
|---|---|
| *SR Jakob* | *B Kraft* |
| S. R. Jakob | B. Kraft |
| Voorsitter | Sekretaris |

Skryf die **notule** van die vergadering. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 3

Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy sal 15 Oktober 2011 nooit vergeet nie, want dis die dag toe jou maat sy/haar groot geheim aan jou vertel het.

Skryf hierdie geheim in jou **dagboek** neer en sê hoe jy gevoel het toe jy die geheim gehoor het. **[20]**

3.2 **WENKE**

Die meeste leerders se beste vriendskappe begin op skool en vir tieners is dit belangrik om goeie maats te hê. Maar om ŉ goeie maat te hê, moet ŉ mens ook ŉ goeie maat vir iemand wees.

Gee agt **wenke** oor hoe om ŉ goeie maat op skool te wees.



[Uit *http://www.google.com*] **[20]**

3.3 **UITNODIGING**

Die matrikulante gaan 'n funksie reël om vir die onderwysers dankie te sê en ook om van hulle afskeid te neem.

Rig nou 'n uitnodiging, in die vorm van 'n **uitnodigingskaartjie**, aan alle onderwysers. Nooi hulle na die funksie uit. Sluit al die nodige inligting asook die program vir die aand in.

Gebruik die volgende formaat:

| **UITNODIGING** | **PROGRAM** |
|---|---|
| | |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**


MPUMALANGA